higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N870**(E)**(N21)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

21 November 2018 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 URE
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Voorbeeld van ’n Departementshoof van die munisipaliteit is die dorpstesourier.

1.1.2 Deelname deur kiesers aan die nasionale verkiesing is een manier om burgerskap te vewerf.

1.1.3 Vryheid van assosiasie Freedom of association beteken dat ’n persoon mag kies om by ’n vakbond aan te sluit of nie.

1.1.4 Die oppergesag van die reg beteken dat landsburgers deur die arbitrêre oordeel van staatsamptenare beheer word.

1.1.5 Die provinsiale wetgewer mag ’n grondwet vir die plaaslike regering aanvaar of wysig.

1.1.6 Die voorkoming van inflasie is ’n voorvereiste vir ekonomiese groei.

1.1.7 ’n Kieser moet nie binne die regsgebied van ’n bepaalde plaaslike regering woonagtig te wees ten einde te mag stem nie.

1.1.8 Direkte belasting is belasting wat gehef word op goedere en dienste wat aan verbruikers gelewer word, bv. belasting op toegevoegde waarde.

1.1.9 Die stadstesourier is ’n aangestelde beampte wat hoofsaaklik met die sekretariële pligte van die plaaslike regering belas is.

1.1.10 Die funksie van die uitvoerende owerheid is om wette te verorden wat die gemeenskapslewe reël.

(10 × 1) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of ’n term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Al die denkprosesse en optrede wat nodig is vir die bepaling en bereiking van doelwitte.

1.2.2 Die titel van die uitvoerende hoof van ’n staatsdepartement.

1.2.3 Die dokument waarin die basiese beginsels waarvolgens ’n land regeer word, vervat is.

1.2.4 'n Politieke ampsdraer wat tydens die eerste sitting van lede van die provinsiale wetgewer verkies word, gewoonlik uit die meerderheidsparty.

1.2.5 Die soort beleid wat deur bewindhebbende partye neergelê word waarin die meerderheid van die kiesers se waardevoorkeure vervat word.

1.2.6 Kiesstelsel waar daar 'n direkte verband bestaan tussen die ondersteuning wat deur elke party in die verkiesing ontvang word.

1.2.7 Hierdie instelling het die Senaat in die parlement vervang om 'm verteenwoordigende liggaam te vorm wat die belange van die nege provinsies in aanmerking neem.

(7 × 2) (14)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Grondwetlike hof; hoër howe; Suid-Afrikaanse Reserwebank; oppergesag van die reg; regering deur die mense; dorpsklerk; dorpstesourie; burgemeester; uitvoerende raad; premier

1.3.1 Hierdie howe het jurisdiksie in alle grondwetlike (konstitusionele) sake, behalwe sake waaroor slegs die grondwetlike howe kan beslis.

1.3.2 Hierdie instelling is daarvoor verantwoordelik om die land se geldvoorraad te bestuur.

1.3.3 Hierdie demokratiese beginsel bepaal dat beamptes wat beleid uitvoer nie soveel magte kan ontvang dat hulle die wet volgens hul eie oordeel kan toepas nie.

1.3.4 Die … is vir al die finansiële sake van die munisipaliteit verantwoordelik.

1.3.5 Die provinsiale uitvoerende owerheid bestaan uit die ... en ...

(6 × 1) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die premier van die provinsie beskik oor die mag en funksies wat deur die grondwet aan hom/haar toevertrou is.

Beskryf die rol van die premier onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Verkiesing van premier. (4)

2.1.2 Magte en funksies van die premier. (6)

2.2 Daar word algemeen aanvaar dat die stelsel van belastingheffing redelik en regverdig teenoor enige moontlike belastingbydraer moet wees.

Verduidelik DRIE kriteria wat vir belastingheffing gebruik word. (3 × 4) (12)

2.3 Die verskillende tipes belasting word breedweg as direkte en indirekte belasting geklassifiseer.

Noem VIER voorbeelde van indirekte belasting. (4 × 2) (8)

2.4 Daar is ’n baie groot verskil tussen die bepaling van verteenwoordiging in die tussentydse grondwet en die bepaling van verteenwoordiging in die finale grondwet.

Bespreek die kenmerke van die Suid-Afrikaanse grondwet. (5 × 2) (10)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die diagram van die struktuur op sentrale regeringsvlak en vul die ontbrekende woord(e) in. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1–10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10 × 1) (10)

3.2 Politieke partye bied aan mense met gedeelde menings oor hoe die land bestuur moet word die geleentheid om op 'n eensgesinde manier saam te werk om invloed op die regering en administrasie van die land uit te oefen.

Beskryf die funksies van politieke partye in 'n demokratiese samelewing. (10)

3.3 Verduidelik die betekenis van die skeiding van die gesag van die staat deur die DRIE onderliggende beginsels te bespreek. (3 × 2) (6)

3.4 Bespreek die begrip "openbare/publieke verantwoordelikheid" aan die hand van verklarende aantekeninge. (4)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou